VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN KLOUSULE 4 AN DIE AVO

Klousule 4. HOOFBESIGHEID EN DOELSTELLINGS

4.1 Die hoofbesigheid van KA (Edms) Bpk is om 'n aandeleblokskema in gevolge die WAB regtens te bedryf ten opsigte van die onroerende eiendom, wat KA (Edms) Bpk se eiendom is, tesame met alle geboue en oprigtings daarop of daaraan vir solank as wat dit KA (Edms) Bpk se eiendom is en enige ander eiendomme wat KA (Edms) Bpk in die toekoms mag bekom of huur. Verder om die hoofdoelstelling in alle opsigte te bevorder.

4.2 Die hoofdoelstelling van KA (Edms) Bpk is om 'n aandeleblokskema te bedryf vir die vestiging en ontwikkeling van 'n selfstandige Boere-Afrikaner-Kultuurgemeenskap op die onroerende eiendom, wat KA (Edms) Bpk se eiendom is, tesame met alle geboue en oprigtings daarop vir solank as wat dit KA (Edms) Bpk se eiendom is, en enige ander eiendomme wat KA (Edms) Bpk in die toekoms mag bekom of huur. Verder om die gemeenskaplike en groepsbelang, sowel as individuele belang van die aandeelhouers te bevorder.

4.3 ***Onderworpe aan Klousules 6 en 32 van die AvO, sowel as Artikel 13 van die WAB, is die*** aanvullende doelstellings tot die hoofdoelstelling:

4.3.1 om ekonomiese en ander ontwikkeling op die eiendom en ander eiendom wat KA (Edms) Bpk mag bekom, te bevorder en te beheer;

4.3.2 om dienste aan die lede te verskaf in die bedryf van KA (Edms) Bpk en om, ***onderworpe aan Klousule 32 van die AvO***, heffings van die lede te vorder vir sodanige dienste ten einde KA (Edms) Bpk se kostes te dek;

4.3.3 om, ***behoudens die bepalings van die WAB***, persele beskikbaar te stel aan lede ten einde geriewe daar te stel soos wat nodig geag mag word ter bevordering van die doelstellings van KA (Edms) Bpk en sy lede, onder sodanige voorwaardes soos wat die Direksie mag besluit;

4.3.4 om, **onderhewig aan die bepalings van Artikels 8 (1) (c), (d) en (2) en 14 (1) van die WAB, en spesifiek onderhewig aan 75% van die goedkeuring van stemgeregtigde aandeelhouers**, lenings aan te gaan en die eiendom van KA (Edms) Bpk te verbind in belang van die lede en ten uitvoering van die doelstellings van KA (Edms) Bpk.;

4.3.5 om, ***onderworpe aan 'n meerderheidstem van direkteure, en onderhewig aan die toepaslike bepalings van die Nasionale Kredietwet 34/2005 en verwante wetgewing***, lenings, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat goed geag mag word en vir sover KA (Edms) Bpk verder regtens daartoe geoorloof is, aan lede te maak vir die ontwikkeling van hulle belange in KA (Edms) Bpk.;

4.3.6 om ***ingevolge die bepalings van Artikel 19 van die WAB ten opsigte van versekering op te tree.***